



TABOK
TABOK TRUST (Reg. no. ITrust 8787/03)

AFRIKAANSE WEERGAWE

TABOK TRUST

1. FEITE EN PRAKTYKE

2. MAGTIGINGSBRIEF

3. SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR KUNS EN KULTUUR: STANDPUNTE



Posbus 15286
LYTTELTON
0140

TABOK

TABOK TRUST (Reg. no. ITrust 8787/03)

Tel: 012 6442234/5
Faks: 012 6442232
086 5055187
Selfoon: 083-2696449

G&M Gebou, Warrenstr
111, LYTTELTON, 0140
E-pos: admin@tabok.co.za
Web: www.tabok.co.za

VIR WIE DIT VAN BELANG IS

FEITE, PRAKTYKE en MANDAAT t.o.v. TABOK TRUST

OPRIGTING VAN TABOK TRUST

TABOK TRUST is 'n Publieke Trust wat as sodanige liggaam wettig geregistreer is in terme van Artikel 31(1) van die RSA Grondwet. In terme van die RSA wetgewing en hierdie bepaalde Artikel, geles saam met ander Artikels in die Grondwet, mag sodanige liggaam opereer in belang van die lede van daardie liggaam.

TABOK TRUST is reeds op 10 Desember 2003 geregistreer en 'n kopié van die amptelike registrasiesertifikaat met registrasienuommer ITRUST 8787/03, soos uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof in Pretoria, is beskikbaar.

REGISTRASIEPROSES

Die Trust is aanvanklik geregistreer as 'n nie winsgewende liggaam, maar op 06/08/2009 is die Trust se akte gewysig sodat dit uitdruklik daarvoor voorsiening maak dat die Trust as 'n kultuur- en sportliggaam vir sy lede kan dien en as sodanig in die uitvoering van sy taak wel besigheidsbeginsels mag toepas en bedryf. Die Trust is A-polities en dus nie 'n ekstremitiese- of vyandige organisasie nie, maar wel 'n liggaam wat die Afrikaner se belange ten opsigte van taal-, kultuur- en godsdienstige beginsels/regte vooropstel. As sodanig het die Trust by al die relevante staatsdepartemente geregistreer.

Die volgende regsitrasienommers is van toepassing;

SARS; TAX Ref;	0089549158
VAT Ref;	4840240008
LBS Ref;	7880765880
UIF Ref;	U880765880

Die amptelike LOGO van Tabok Trust is gedurende Februarie 2008 by die Departement van Handel en Nywerheid geregistreer met verwysingsnommer:

CIPRO Ref numbers 2008 / 27455 – 58.

TABOK TRUST het drie afsonderlike strukture waarbinne daar gebou en prakties uitvoering gegee word aan die kultuur, taal en godsdiens van die Afrikaner nl.

- TABOK TRUST as publieke trust vir algemene Afrikanerbelange.
- Tabok Werkgewersorganisasie as 'n verteenwoordigende organisasie vir onafhanklike skole en onderwysinrigtings.
- 'n Nasionale Afrikaner Volkseie Sportfederasie; NAVSFED as 'n kultuur- en sportfederasie vir Afrikanerbelange.

NAVSFED

NAVSFED is opgerig in terme van Artikel 2.4 van die trustakte van Tabok Trust soos goedgekeur deur die Registrateur van Aktes by die Meester van die Hooggeregshof.

Hierdie Sportfederasie is gestig en georganiseer op die 6de Oktober 2006 met 'n eie grondwet soos goedgekeur op 'n algemene nasionale vergadering bygewoon deur Afrikaanse kultuur- en belange organisasies. Die NAVSFED-grondwet is goedgekeur in terme van internasionale vereistes vir sport en kultuur en is beskikbaar op die webblad www.navsfed.co.za.

Die amptelike LOGO van NAVSFED is geregistreer by die Departement van Handel en Nywerheid op 26 Februarie 2007 met verwysingsnommer 2007 / 04026.

Sedert 2006 is daar reeds begin om teen eie koste plaaslike strukture daar te stel in die vorm van onafhanklike sport- en kultuurklubs asook sportdeelname op internasionale vlak te reël. NAVSFED het derhalwe tans reeds sportbande met die volgende lande:

Frankryk, Italië, Argentinië, België en Luxemburg.

RSA GRONDWET

Die registrasie en aksies van TABOK TRUST en sy onderskeie filiale is gebaseer op voorsiening daarvoor in die RSA Grondwet, bestaande plaaslike wetgewing en internasionale wette.

Daar is verskeie Artikels in die RSA Grondwet wat voorsiening maak vir die onderskeie etniese groepe binne die RSA om 'n eie taal, kultuur en godsdiens uit te leef en sodoende te behou. Die volgende Artikels is relevant in hierdie verband:

Artikel 6 maak voorsiening vir 11 verskillende landstale.

Artikel 9 (3) bepaal dat die Regering van die dag nie mag diskrimineer teen die verskeie etniese minderhede se kultuur, taal en godsdiens nie. In wese lê hierdie Artikel 'n verantwoordelikheid op die regering om enige minderheidsgroep behulpsaam te wees ten behoue van hulle praktyke en regte in hierdie verband.

Artikel 18 maak voorsiening vir beskerming van individue se reg tot vryheid van assosiasie.

Artikel 29 (2), (3) en (4) beskerm die reg tot die behoud van onafhanklike skole met eie curricula, geboue en sosiale strukture wat groepe se kultuur, taal en geloof weerspieël en sodanige skole is geregtig op regeringssubsidies soos van toepassing op staatskole.

Artikel 31(1) maak voorsiening vir die verskillende minderhede binne die RSA om eie kultuur-, taal- en godsdienstige organisasies te bedryf ten einde hul eie kultuur, taal en godsdiens binne die breër samestelling van die Nasie te behou. TABOK TRUST en NAVSFED is as sodanige organisasies geregistreer.

Artikel 235 van die RSA Grondwet bepaal dat sodanige organisasies as privaat- en onafhanklike liggame binne die RSA bedryf mag word.

Artikel 185 van die RSA Grondwet maak voorsiening vir 'n wettige en onafhanklike liggaam wat die verpligting het om die regte van minderheidsgroepe te bevorder en te waarborg ten einde sodanige praktyke ten opsigte van kultuur, taal en godsdiens toe te pas terwyl soortgelyke groepe se regte terselfdertyd eerbiedig word.

Artikel 39 (1) (b) van die RSA Grondwet bepaal dat enige Hof, Tribunaal of Forum **ook** die Internasionale Reg in ag **moet** neem terwyl die RSA Grondwet vertolk word.

INTERNASIONALE REG

Die Internasionale Reg maak voorsiening vir die Regte van verskeie minderhede en het in hierdie verband vier basiese eienskappe uitgelig waarmee minderheidsgroepe geïdentifiseer kan word. Hierdie eienskappe word gevind in verskeie Verenigde Nasie Resolusies en Internasionale Konvensies. Hierdie identifiseringseienskappe hou verband met Etnisiteit, Kultuur, Taal en Godsdiens.

Graag word verwys na besluite, ooreenkomste en relevante dokumente in hierdie verband soos aanvaar deur die Verenigde Nasies en wat goedgekeur en onderteken is deur al die lande van die wêreld. Dit sluit in die lande hierbo genoem waarteen NAVSFED tans in sport meeding asook die Verenigde Koninkryk, die vorige sg. Apartheidsregering asook die nuwe ANC Regering van die RSA. Die VN-resolusie en -konvensie waarna hierbo verwys word, is die volgende:

1. "The Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious, and Linguistic Minorities Adopted by the General Assembly resolution 47/135 of 18 December 1992. Copy attached."
2. "The Provisions of Article 27 of the International Covenant on Civil and Political Rights concerning the rights of persons belonging to ethnic, religious and linguistic minorities."

Bykomstig tot hierdie spesifieke Resolusies en Bepalings, word graag verwys na 'n dokument genaamd "THE HUMAN RIGHTS OF ETHNIC MINORITIES (Government Obligations)" wat ook op hierdie webblad verskyn. In hierdie dokument word in die laaste paragraaf van die eerste bladsy duidelik aangedui dat Minderheidsregte sake soos onderwys, werksgeleenthede, toegang tot gesondheidsorg, behuising en sosiale dienste insluit. Dit beteken verder ook dat dit die spesifieke kultuur, taal en godsdiens van 'n bepaalde groep insluit en dat sport as kulturele aktiwiteit vanselfsprekend ook in hierdie kategorie resorteer.

DIE RSA OMSTANDIGHEDE

Bykomstig tot bogenoemde feitelike omstandighede rondom minderheidsgroepe, word by hierdie dokument 'n baie belangrike studiestuk, opgestel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Kuns en

Kultuur, aangeheg. Hierin word die bestaan van die onderskeie minderheidsgroepe in die RSA duidelik uitgelig en beklemtoon. Dit behoort vir die leser daarvan 'n goeie insig te gee in die verskeidenheid minderheidsgroepe wat binne die RSA samelewingsverband bestaan. In hierdie verband word veral klem geplaas op die bestaan van die onderskeie Swart etniese minderheidsgroepe en die feit dat hulle oor hul eie wettige liggame beskik in die vorm van die onderskeie Tradisionele Leierstrukture (COTRALESA). Hierdie forums geniet tans geregtelike beskerming deur wetgewing wat die bestaan van hulle kultuur, geloof en sosiale strukture verseker en handhaaf.

Op die 21ste Oktober 2009 is daar onder leiding van die Menseregtekommissie vir 'n derde keer in Johannesburg 'n konsultasievergadering belê waarby 'n groot verskeidenheid minderheidsgroepe teenwoordig was. Alhoewel daar oorwegend 'n uiters vyandige gesindheid teenoor Afrikaans en spesifiek die Afrikaner geheers het, is die verskeidenheid van minderheidsgroepe en hul regte, asook die bestaande regte wat deur Swart groepe geniet word, nogtans intens bespreek. Verla die gebrek aan bestaande strukture vir die ander minderheidsgroepe soos onder meer die Kleurlinge, Indiërs en die Afrikaners is deeglik bespreek. Tans is die Menseregtekommissie saam met al die betrokke groepe besig om 'n dokument op te stel wat riglyne bevat oor hoe die huidige Regering met die saak van minderheidsregte en moontlike wetgewing in hierdie verband behoort te handel.

TABOK TRUST en sy filiale wil beklemtoon dat hulle nie politieke- of onwettige organisasies is nie aangesien hulle wettig geregistreer is as 'n Kulturele Trust vir die Afrikaner as 'n minderheidsgroep te midde van al die ander soortgelyke groepe in die RSA. In Europa word lank reeds soortgelyke praktyke as dié van die RSA en in die res van die wêreld, aangetref.

Daar is reeds verskeie liggame en organisasies, verteenwoordigend van bykans al die minderheidsgroepe in die RSA, wat wettiglik hierdie regte uitoefen in die een of ander vorm. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- CONTRALESA: Die liggaam van Tradisionele Leiers van onderskeie swart etniese bevolkingsgroepe
- TRADISIONELE GENESERSORGANISASIES
- BLACK ACCOUNTANTS
- BLACK LAWYERS ASSOCIATION
- BLACK SCHOOLS SPORTS ASSOCIATION
- CAPE COLOURED KLOPSE: 'n Kaapse kleurlingkultuurorganisasie wat reeds meer as 100 jaar bestaan en wat een keer per jaar opereer
- SWART SARU RUGBYKLUBS
- BRUIN SARU RUGBYKLUBS
- NATIVE CLUB: 'n Klub vir elite Swart Afrikane, geïnisieer deur "Die Presidensie" onder leiding van mnr. Thabo Mbeki as President
- INDIAN PRIVATE SCHOOLS: Vir Gujarat, Tamil, Hindi and Moslems.
- MACCABI ORGANISATION: Vir die Joodse Gemeenskappe.
- AFRIKANER VOLKSEIE SPORT: 'n Skole sportvereniging vir die Afrikanerjeug wat reeds vir 19jaar bestaan en deur SARU erken word.
- OUETEHOUSE wat eksklusief toegang verleen vir die Griekse- en Joodse gemeenskappe.

INTERNASIONALE VOORBEELDE VAN SODANIGE PRAKTYKE

In die Verenigde Koninkryk waar vier afsonderlike minderheidsgroepe aangetref word, word hulle verteenwoordig in verskeie sportsoorte elk met sy eie vlag, kleure en sosiale strukture t.o.v. Skotland, Engeland, Wallis en Ierland. Elke vier jaar kies hulle 'n Britse- en Ierse Leeuspan in rugby waar hulle dan as 'n Verenigde Nasie deelneem teen ander lande. Dit geskied ook in

krieket op toetsvlak maar op die vlak van eendagkrieket word die bg. vier lande deur hulle eie afsonderlike spanne in wêreldbekerkrieket verteenwoordig. Dieselfde gebeur ook op die gebied van die wêreldbeker sokkertoernooi.

Hierdie tendens word ook gevind in die geval van Fidji, Samoa en Tonga as Suid-See Eilande waar hulle in sommige sportsoorte soos bv. sewesrugby individueel meeding maar in ander as Suid-See Eilande gesamentlik deelneem.

Dieselfde tendens vind ons by die Maori minderheidsgroep van Nu Zealand wat as minderheidsgroep op toetsvlak rugby speel maar ook op Nasionale vlak deel is van die All Black rugbyspan.

Die Vlaamse minderheidsgroep in België funksioneer alreeds lank as 'n etnies-kulturele minderheidsgroep waarvan veral taalregte gewaarborg is.

MANDAAT / GELOOFSBRIEWE

In terme van TABOK se eie Trustakte en die wettige registrasie van TABOK TRUST, het die Trust die ALLEENMANDAAT om as Prinsipaal oor al sy verskeie filiale en departemente soos onder meer NAVSFED, op te tree.


In terme van Artikel 235 van die RSA Grondwet, tree TABOK TRUST as totaal onafhanklike Prinsipaal op namens al sy filiale en is die Trust dus eksklusief by magte om GELOOFSBRIEWE namens al sy onderskeie filiale uit te reik.

Hierdie mandaat is reeds vanaf die stigtingsdag uitgeoefen en derhalwe word TABOK TRUST se Geloofsbriewe reeds deur die onderskeie nasionale sportliggame teen wie TABOK se sportlui deelneem, internasionaal aanvaar.

TOEKOMSTIGE KONTAK

Daar word vertrou dat die leser van hierdie dokument behoorlik toegelig word oor wie TABOK TRUST werklik is en waarmee die organisasie homself besig hou. Daar word vertrou dat enige moontlike misverstande oor TABOK TRUST en sy werksaamhede uit die weg geruim is en derhalwe is elke leser hiervan baie welkom om ons te kontak by admin@tabok.co.za of faksnommer 012 6442232 / telefoonnommer 012 6442234/5

Hartlike groete



Louis Smuts
Nasionale Voorsitter
TABOK TRUST / NAVSFED



DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
DEPARTMENT OF JUSTICE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MAGTIGINGSBRIEF LETTERS OF AUTHORITY

Ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988)/
In terms of section 6(1) of the Trust Property Control Act, 1988 (Act 57 of 1988)

No: I TRUST 8787/03

Hiermee word gesertifiseer dat /

This is to certify that Isak Louis Smuts - 490222 5019 085,

Jacobus Johannes Stephanus Bakker - 660527 5241 081,

Dirk Johannes Hermann - 720116 5154 083, Louis Peter Baartman - 700401 5031 086

ogmagtig word om op te tree as trustee(s) van die /

is/are hereby authorized to act as trustee(s) of the AFRIKAANSE BEHEERLIGGAME VIR


ONDERWYS EN KULTUUR (beter bekend as Tabok) in samewerking met Solidariteit

Trust /
Trust.

GEGEE onder my hand te
GIVEN under my hand at

op hede die
this

dag van
day of


ASST. MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
ASST. MASTER OF THE HIGH COURT

J246A/evdw



